Groete uit die Sinodehuis

2 Februarie 2018

Kollega,

Vandag drie jaar gelede, het ek vir my eerste werksdag by die Sinodehuis opgedaag en op 10 Februarie 2015 is ek by die Buitengewone Sinodesitting in die kerkgebou van Doornpoort as direkteur van die Noordelike Sinode bevestig.

Sedertdien het ek die voorreg gehad om 'n hele aantal proponente se ordeningsgeleenthede mee te maak, by verskeie predikante se bevestigings- en afskeidgeleenthede te wees, by gemeentefeeste, ringsittings en leraarskringe te kuier, saam met talle kollegas iewers 'n lekker koppie koffie te drink of oor die telefoon te gesels en ook saam met sommiges aan huis te kuier. Ek is dankbaar vir hierdié en ook ander kontakgeleenthede en waardeer elke uitnodiging.

Een van die dinge wat my die afgelope jaar diep geraak het, was die dood van Suna Venter, 'n pastoriekind en bekroonde SAUK-joernalis. Suna het as gevolg van haar werk, onder die emosionele en ook fisiese teistering van mense, geknak. Dit het my nogal laat wonder oor hoe óns met mense werk.

Uit my kinderdae onthou ek hoedat 'n ouderling gespog het oor hoe hy sy dominee al sy dae gegee het. Só het hy by geleentheid vertel dat by die jaarlikse bevestiging van kerkraadslede soos wat dit destyds die gebruik was, die dominee almal op die ry af gelukgewens het. Toe die dominee by hom kom, het hy hom wel 'n handdruk gegee, maar net gesê: "Dag broer".

Onlangs vertel iemand egter 'n ander mooi verhaal van 'n vreemdeling wat by die dominee opdaag om 'n probleem met hom te bespreek. In die loop van die gesprek vra die dominee waarom die persoon juis by hom kom aanklop het en toe antwoord die persoon: "Iemand het vir my gesê dat julle in hierdie gemeente sag werk met mense".

Mense is ons besigheid… Miskien sou dit ons baat om 'n slag weer te dink oor hoe ons met mense werk - met vreemdelinge, met vyande, met mede-gelowiges en met mekaar as kollegas.

Groete tot 'n volgende keer.

082 653 5734
paul@noordsin.co.za